**Graad 7 EAT**

**DRAMA**

**Lees die onderstaande uittreksel uit "Groen."**
**Dit is 'n variasie op 'n kindersprokie. Beantwoord die vrae wat volg.**

# GROEN

Verteller 2: Met dagbreek of selfs vroeër is Stiefma op en sy maak die twee kinders wakker.

Stiefma: Wakker word, julle twee, tyd om te gaan hout bymekaarmaak in die woud. Hier is vir julle elkeen 'n stuk brood. Moet dit nie te gou eet nie, dis al wat julle kry.

Verteller: En daar stap hulle. Flink deur die afgekapte woude, op met die heuwels, verby die stinkende, besoedelde dam en oor die blikkies- en bottelbesaaide vlakte totdat hulle ver van die beskawing af is.

Verteller 2: Hier, sê die houtkapper vir hulle.

Houtkapper: Sit neer julle goedjies en gaan maak hout bymekaar. Eerder die bloekom en wattel, want dis uitheems. Ek maak solank 'n vuur.

Verteller 2: Sonder om verder te dink, begin die twee hout bymekaarmaak. Ek dink hulle is dalk 'n bietjie... jy weet... stadig.

Grietjie 1: Ons kan jou hoor, ons staan net bietjie hier.

Verteller: Hulle tel hout op dat die byle huil, hoewel hulle nie eintlik byle het nie. Kort voor lank lê daar 'n hoop hout. Pa maak gou 'n vuur. Dis maklik, want hy het die hout nie by die kêffie op die hoek gekoop nie. Toe die vuurtjie lekker aan die gang is, sê Stiefma vir die kinders:

Stiefma: Bly julle tweetjies nou net hier en rus, ons gaan bietjie hout kap.

Houtkapper: Moenie stout wees nie, ons is nou-nou terug.

Verteller 2: Hy sê dit effens treurig want hy weet dat hy hulle nooit weer sal sien nie. Grietjie 2 kom dadelik agter dat iets verkeerd is, want sy was nog altyd die meer intuïtiewe een van die twee.

Grietjie 2: Pa, jy lyk soos ‘n Stormers-rugbyspeler in die tweede helfte. Wat’s fout?

Houtkapper: Ag, net ietsie in my oog, my kind. Totsiens.

Verteller: En daar gaan hulle.

***(Uit:“Groen”, in Kwintet)***



***Vrae:***

1. Watter deel van die dag is “dagbreek”? (1)

   a) aand

   b) oggend

   c) middag

2. Wat is `n “stiefma”? (1)
3. Gee `n sinoniem vir die woord “woud”. (1)
4. Wat beteken dit as `n persoon “flink” stap? (1)
5. Hoe lyk die omgewing waar die toneel afspeel? Gee twee beskrywings. (2)
6. Wat is uitheemse bome? (1)
7. Gee die korrekte Afrikaanse woord vir “kêffie”. (1)

8 Wat is die pa se emosie/gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)

**Totaal [10]**

Memorandum

| Nr | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | b. oggend | 1 | 2 |
| 2. | Nie jou eie ma nie maar jou pa se nuwe vrou. | 1 | 2 |
| 3. | Bos | 1 | 3 |
| 4. | Vinnig | 1 | 1 |
| 5. | Die omgewing is vuil / verwaarloos / verlate / afgesonder /. | 2 | 4 |
| 6. | Dit is bome wat nie natuurlik in ons land groei nie.<br>Dit kom uit ander lande.<br>dit bedreig ons eie plantegroei.<br>(Enige aanvaarbare antwoord.) | 1 | 4 |
| 7. | Kafee | 1 | 1 |
| 8. | Pa is hartseer. Lyk of hy wil huil.<br>Daar is nie regtig iets in sy oog nie. Sy oë traan. | 2 | 5 |